

BRIEWE  
VAN  
*Mieliepit*

*Tante Viljoen*

met illustrasies deur  
Megan Bird





## Hallo Liefsteling

O, hoenderboud tog, dit was vreeslik: net 'n geskree en 'n geraas. Deure wat toeklap. En almal is ongelukkig. Ek dog ons gaan uit om die aand te geniet, en toe gebeur dit.

Maar voordat ek jou daarvan vertel, moet ek myself seker voorstel. My naam is Mieliepit. Ek is 'n troetelhoender. Ja, jy het reg gehoor: troetelhoender. Ek bly in 'n huis in Bloemfontein. Saam met my in die huis bly twee kinders, Jaco en Janet. Hulle ma en pa, tannie Rina en oom At, bly ook hier.

Ek het lank terug per ongeluk by hulle huis aangekom. Omdat ek partykeer 'n bietjie lui kan wees, het ek besluit ek bly sommer net daar. Hulle tuin het in elk geval meer wurms as die plek waar ek vandaan kom. Só word ek die troetelhoender wat nou nog by die Fouries bly – reg binne-in hulle huis!

O, kuikenderm, ek dwaal af. Ek moet jou nog vertel van die vreeslike bakleiery, maar ek wil nou nie skinder nie. Jy moet dit weet. Ek skinder nie. Maar ek gaan jou vertel – dit kan ek doen.

Ek, Jaco, Janet en hulle ouers het gisteraand gaan uiteet. Sommer 'n lekker gesinsaad waar ons kon gesels en so aan. Ongelukkig was dit nie so rustig nie. In die restaurant gee Jaco en Janet mekaar net een skewe kyk en toe . . . toe is die tjips in die warm olie.

“Wat kyk jy, ou rooikop?” vra Jaco vir Janet.

“Ek kyk vir jou! Dit lyk dan nie eers of jy jou hare gekam het nie!”

“Dis hoe almal nou hulle hare dra. So deurmekaar,” antwoord Jaco bitsig. “En hoe my hare lyk het niks met jou uit te waai nie. Gee vir my die spyskaart. Ek is honger. Ek wil sien watse hamburgers hulle hier het.”

“Ek wil eerste kyk,” sê Janet toe vermakerig. “Ek is óók honger.”


Ek skrik so groot vir die twee dat ek nie 'n woord kan kekkel nie.

“Hei, julle twee,” raas oom At toe. “Stop dit dadelik! Dis nie hoe ek julle grootgemaak het nie.”

Maar die bakleierij is nog nie op 'n end nie. Hulle hou net aan. Tannie Rina kry so skaam, want naderhand kyk ál die mense in die restaurant vir hulle. Toe die kos kom, stamp Janet haar koeldrank om op Jaco. Jaco word so kwaad dat hy vir Janet met 'n pap tamatieskyf gooi. Kaplaks! So teen die voorkop!

Kan jy dit glo? As hulle my kinders was, sou ek wens hulle eiers het nooit uitgebroei nie.





Toe ons na die aaklige ete by die huis kom, is almal sommer kwaad vir almal. Die hele aand is bederf. Mýne ook. Ek het beplan om lekker rustig op my verekussing aan die slaap te raak. Ek wou nog droom van Brad Pik, daardie lekkerbek hoender wat in die fliëks speel, maar ek kry nie kans soos die deure toeklap nie.

Dadelik besluit ek: dis nou genoeg. So kan dit nie aangaan nie.

“Kom saam met my!” sê ek vir Janet en ek vat haar na Jaco se kamer toe. Ek laat hulle twee daar op die bed sit. In my kwaaieste hoenderstem kekkel ek: “**LUISTER!**” Nou as ek eers gesê het “**LUISTER!**” dan moet jy luister, want ek vat nie nonsies nie. Ek sal jou agter jou oor pik totdat jy maak soos ek sê. En toe vertel ek die twee kinders dat hulle lief moet wees vir mekaar. ’n Mens kan nie so baklei dat die vere waai nie.

Ek sien toe dat Jaco en Janet spyt kry oor hulle grillerige gedrag. Janet wil net begin huil, toe pik ek die traantjies weg met my vlerk.

“Daar is drie woorde wat ek julle wil leer wat alles weer kan regmaak,” sê ek vir die kinders.

“En wat is dit?” vra Jaco.

“Ek is **VREESLIK** jammer!”

“Dis vier woorde,” sê Janet ewe slim.

Ek tel toe en sy was reg. Dit is vier woorde, maar dit maak nie ’n verskil nie. “As julle dit vir mekaar sê en

julle bedoel dit regtig, sal julle nie meer kwaad wees vir mekaar nie. Julle sal ook nie weer sulke lelike goed doen of sê nie.”

Dit het ’n rukkie gevat, maar toe sê Janet: “Ek is VREESLIK jammer.”

Jaco sê ook: “Ek is ook VREESLIK jammer.”

“Nou ja toe,” kekkel ek tevrede. “Dan is alles amper reg. Nou moet julle jul ouers ook gaan verskoning vra. Loop nou.”

Ek was so trots op die twee. Hulle was baie dapper. Ek hoop nie hulle doen ooit weer so iets nie.

Nou is my brief klaar. Ek gaan nou weer ’n bietjie slaap. Brad Pik wag al vir my in my drome.

Tot volgende keer.

*Liefde en pikkies*

*Mieliepit*







## Pitkos

Lees Genesis 24 om te sien hoe goedgemanierd Rebekka was toe die slaaf vir haar water vra.

## Dink hieroor

Was jy ook al lelik met 'n vriend, of dalk jou ma en pa?

Is dit maklik om te sê jy is jammer?

## Doen

Teken vir Jaco en Janet in die restaurant.

Maak 'n kaartjie waarin jy jammer sê vir iemand wat jy seergemaak het.

## Gebed

Here, help my om mooi te dink wat ek doen en sê. Ek is jammer as ek U teleurgestel het met my lelike woorde of lelike goed wat ek gedoen het.